

OPDRAG 28 A: HERSIENING: VRAESTEL 1: AFDELING C: TAAL: VRAAG 4:
STROKIE/ STROKIESPRENT

INSTRUKSIES:

1. Hersien die bespreking oor die STROKIESPRENT. (Dit is OPDRAG 24: TAAL IN KONTEKS: BESPREKING: DIE STROKIESPRENT)
 - NB: Maak seker dat jy verstaan wat jy lees.
 - Pas nou hierdie inligting toe by die beantwoording van die volgende vrae.
 - Soos jy kan sien, kom hierdie hersiening uit vraestelle van vorige jare. Moet asseblief nie na die memorandum kyk as jy dit het nie. Jy moet self probeer!
2. Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- 3.. Beantwoord die vrae deur die instruksies by elke vraag uit te voer.

TEKS 1

VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TIM TIER EN SIMON

RAAMPIE 1



RAAMPIE 2



RAAMPIE 3



- 4.1 Op watter TWEE maniere word Simon se woorde in RAAMPIE 1 beklemtoon? (2)
- 4.2 Skryf die TWEE woorde in RAAMPIE 2 neer wat SINONIEME is. (2)
- 4.3 Hoe weet jy dat Simon in RAAMPIE 2 moontlik vir nog dinge wens? (1)
- 4.4 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.4) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 4.4 E.

Simon se lyftaal in RAAMPIE 2 dui aan dat hy ...

- A. 'n plan het.
- B. hartseer is.
- C. gefrustreerd is.
- D. sy werk regkry.

(1)

4.5 Waaruit kan jy aflei dat Tim Tier in RAAMPIE 3 nie vir Simon hardop antwoord nie? (1)

4.6 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

“Hoekom moet ek vir alles werk?”

Begin jou antwoord so: Simon vra hoekom ...

(2)

4.7 Wat is die funksie van die uitroepteken by Simon se woorde? (RAAMPIE 3)(1)

[10]

TEKS 2

VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



Raampie 1

Raampie 2

Raampie 3

4.1 Voltooi: Pierce praat met sy ____ en hy spreek hulle as “julle ouens” aan. (1)

4.2 Wat is Pierce besig om met sy selfoon te doen in RAAMPIE 1? Verduidelik deur EEN goeie sin van jou eie neer te skryf. (1)

4.3 Hoe reageer Zitts (die man met die ligte hare) in RAAMPIE 1? Skryf sy woorde in die INDIREKTE REDE neer. Begin so: Zitts sê dat... (2)

4.4 Verduidelik wat die woord “improviseer” in raampie 2 beteken deur die woord in ‘n goeie sin te gebruik. (1)

4.5 Hoe weet die leser wie Hector is? Gee TWEE feite. (2)

4.6 Waarom, dink jy, is Hector so geskok? (1)

4.7 Hoekom stel Zitts skielik belang in wat Pierce sê? (1)

4.8 Wat sê die neusring, oorbels en haarstyl van Pierce? (1)

[10]